# St. Quintin - Martelaar

# 31 Oktober



(3de eeu)

Hy is in Rome gebore en later as Christen sendeling na Gallië (moderne Frankryk) gestuur. Hy word diaken gewy en preek met groot sukses in die omgewing van Amiens. Saam met die heilige Lucianus van Beauvais verkondig hy die Evangelie en groot groepe mense sluit aan by die Kerk. Toe breek daar vervolging uit onder keiser Maximianus. Die plaaslike Romeinse prefek, Rictovarus, neem Quintin gevange en laat hom gruwelik martel en uiteindelik onthoof. Sy lyk is in die Somme-rivier gegooi en 40 jaar later langs die rivieroewer gevind. Daar waar sy lyk uitgespoel het is ’n kapel oor sy graf gebou en later sou die stad Saint-Quentin rondom sy graftombe ontstaan

© Die Oratorium Uitgewery